Onafhanklike, Afrikaanse inhoud in elke huis.

Nuusweek

Pretoria FM

Nommer 92, Jaargang 2 | 06 November 2026 | www.pretoriafm.co.za



MUNICIPAL ELECTIONS 2026 - NATIONAL

PARTY NAME	COUNCILS		SEATS			VOTES % SUPPORT
	LEADING	CONTROL	TOTAL	WARD	PR	
AFRICAN NATIONAL CONGRESS	21	8	442	391	51	32.22%
DEMOCRATIC ALLIANCE	7	1	280	214	66	27.83%
UMKHONTO WESIZWE PARTY	2	1	38	31	7	6.47%
ECONOMIC FREEDOM FIGHTERS	0	0	23	3	20	5.58%
VRYHEIDSFRONT PLUS | FREEDOM FRONT PLUS	0	0	25	5	20	3.95%
PATRIOTIC ALLIANCE	1	0	71	21	50	3.76%
ACTIONSA	0	0	6	3	3	3.35%
INKATHA FREEDOM PARTY	1	0	13	10	3	2.98%
SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY	0	0	10	1	9	2.56%
SERVICE DELIVERY PARTY	1	0	8	5	3	0.80%
RISE TSANTSABANE COMMUNITIES	0	0	5	3	2	0.16%
MAKANA UNITED CIVIC MOVEMENT	0	0	4	0	4	0.13%
OTHER PARTIES	0	0	36	8	28	9.59%
INDEPENDENTS	0	0	3	3	0	0.46%

HUNG COUNCILS (< 50% seats) 30 DRAW (= 50% seats) 0 COUNCILS NOT CALCULATED 173 TOTAL Control 10 TOTAL Councils 213

LOOKS AT THE SCOREBOARD

Só kan koalisies lyk 02

Reuse-kiesersopkoms 04

Marx: Verdagte nou staatsgetuie 06

Agoa: Nóg strawwe kan volg 08



Koalisies ’n moet in meeste metros



Redaksie

Teen saktyd, met 57% van die stemme landswyd getel, was dit duidelik dat koalisies in die meeste van die 8 metro’s in die land ‘n gegewe is. Nasionaal het die ANC se steun op 31.72% gestaan teenoor die 25.66% van die DA en 8.24% van die EFF.

Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) voorspel dat die DA die meeste stemme in Johannesburg, die Tshwane-metro en Ekurhuleni sal kry. Die WNNR reken dat die DA 33% van die steun op hulle sal verenig, gevolg deur die ANC met 20% en ActionSA met 16% van die steun.

In die Tshwane-metro word die DA se steun op 31% gereken gevolg deur ActionSA met 23% van die steun en die ANC met 20%.

ActionSA het sover vir die grootste verrassing in dié verkiesing gesorg nadat peilings hulle steun tussen 10% en 11% in dié metros geskat het.

Met byna 40% van die stemme getel was die DA en die ANC in ‘n taai stryd gewikkel met nét meer as 33% van die stemme elk. Die EFF het op 8.72% gestaan en die VF Plus op 6.16%.

Voorlopige syfers dui daarop dat die DA gemaklik beheer van Kaapstad sal behou terwyl ‘n koalisie in die Nelson Mandelabaai-metro onafwendbaar lyk. Met 54% van die stemme in dié metro getel, het die DA 40% van die steun gehad teenoor die ANC se 27.98%.

Die voorsitter van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK), Mosotho Moepya, het vroeër tydens ‘n mediakonferensie by die Nasionale Uitslagsentrum daarop gewys dat geen uitslae as finaal beskou moet word vóór dit nie amptelik deur die OVK bekendgemaak is nie. Uitslae kan deurlopend verander namate stemme verwerk word.

ActionSA nie ANC óf DA se bruidsmeisie nie

Redaksie

Die nasionale voorsitter van ActionSA, Michael Beaumont, sê sy party sal nie die bruidsmeisie van die ANC of die DA se bruide wees nie. Beaumont reken een van die redes waarom ActionSA beter presteer het as wat die verwagting was is omdat hulle ‘n afstand van die DA gehou het. Hy glo dat politieke partye wat, soos hy dit stel, die regte besluite neem met tyd beloon sal word.

Beaumont is uiters krities op die wyse waarop politieke peilings in Suid-Afrika aangepak word, en die party het daarom ‘n privaatlidwetsontwerp by die parlement ingedien wat volgende jaar bespreek sal word. Met dié wetsontwerp wil hulle verseker dat instellings wat peilings onderneem geregistreer is, hulle metodologie bekendmaak en verhoed dat peilings ‘n sekere tyd voor die verkiesing bekendgemaak word. Die tydperk kan van twee tot drie maande strek. Hy sê die peilings het die persepsie by kiesers geskep dat ActionSA ‘n tienpersentparty in die Tshwane-metro en ‘n elfpersentparty in Johannesburg is.

Beaumont sê die feit dat diegene wat by peilings betrokke is voorheen in diens van die DA gestaan het, laat by hom vraagtekens oor die onpartydigheid van die peilings.

Volgens Beaumont sal ActionSA bereid wees om met enige politieke partye in koalisies in gesprek te tree, maar dat die uiteinde ActionSA-geleide koalisies moet wees.



Michael Beaumont

ANC sal “sorg vir stabiliteit”

Redaksie

Die ANC se adjunk-sekretaris-generaal, Nomvula Mokonyane, sê die verkiesings-uitslae is die resultaat van die keuse wat kiesers uitgeoefen het. Mokonyane sê die ANC het die afgelope aantal jare verskeie terugslae beleef wat insluit dat hulle ná die plaaslikeregeringsverkiesing in 2016 met net twee metro’s gelaat is, genaamd Mangaung en Buffalo City, en ná die 2024 Nasionale Verkiesing in ‘n Regering van Nasionale Eenheid gedwing is.

Volgens Mokonyane is die ANC bereid om met enige iemand in gesprek te tree, solank dit tot stabiliteit sal bydra en aan die ANC se ses pilare voldoen. Die pilare sluit in die skep van werksgeleenthede, die bou van nywerhede en die beskerming van demokrasie.

Mokonyane sê ANC-raadslede moet 30 dae nadat ‘n regering in ‘n metro of munisipaliteit gevorm is ‘n gemeenskapsplan aan gemeenskappe voorlê.



Nomvula Mokonyane

DA sal nie met agente van chaos saamwerk nie

Redaksie

Die DA se nasionale woordvoerder, Jan de Villiers, sê hulle sal eers oor koalisies begin dink wanneer die kaarte wat aan hulle uitgedeel word aan hulle geen ander keuse laat nie. Intussen hoop hulle steeds op volstrekte wenne op plekke.

Op ‘n vraag oor óf hulle bereid sal wees om, ter wille van die vorming van ‘n koalisie, iemand van ‘n ander party die burgemeestersketting te laat dra sê hy dat indien hulle die grootste party in ‘n munisipaliteit is, is hulle die party met die grootste mandaat van kiesers en dán sal stabiliteit hulle eerste prioriteit wees asook ‘n koalisieregering wat dienste aan kiesers lewer.

De Villiers sê die DA het nie voorkeure wat koalisievennote betref nie, maar dat die EFF en die MK-party wel rooilyne is.

“Ons kan nie werk met agente van chaos wat die Grondwet vir hul eie gewin wil opskeur nie.”

Volgens De Villiers het hulle nog nie met amptelike koalisie-gesprekke begin nie, maar het hulle bestaande verhoudings met partye saam met wie hulle in koalisieregerings op plaaslike vlak is en met wie hulle binne die Regering van Nasionale Eenheid saamwerk.



Jan de Villiers

De Villiers sê die omstandighede is baie anders as 10 jaar gelede toe hulle in koalisies moes gaan met partye met wie hulle nie ‘n verhoudng gehad het nie.

VF Plus wen nuwe wyke



Wouter Wessels

Redaksie

Die VF Plus se nasionale verkiesingshoof, Wouter Wessels, sê hulle sal eers aan koalisies begin dink as die finale uitslag bekend is. Indien hulle wel deel van ‘n koalisieregering sou wees, sal dit tot voordeel van hulle kieserskorps en die gemeenskap waarin die koalisie gevorm word moet wees. Wessels sê hulle sal ook wil sien dat kerngedeeltes van hulle manifes deel van só ‘n koalisie en tot voordeel van die gemeenskap strek.

In dié stadium het die party nie duidelike rooilyne oor partye waarmee hulle nie bereid is om saam te werk nie, maar aangesien hul verkiesingsmanifes op onder meer vryemarkbeginsels steun, is dit, volgens Wessels, hoogs onwaarskynlik dat hulle met die EFF of die MK-party sal saamwerk.

Wessels sê die VF Plus voel goed oor die uitslae wat reeds bekend is, omdat hulle wyke gewen het wat hulle nie voorheen gewen het nie en verteenwoordiging in munisipaliteite geniet wat nie vóór die verkiesing die geval was nie.

Hy sê dit was ‘n tawwe veldtog wat sedert 2021 gelyklopend op plaaslike en provinsiale vlak gevoer is en dat die suksesse toegeskryf kan word aan ‘n rekord van dienslewering waar hulle by koalisies betrokke is.

Kiesersopkoms verstom

Redaksie

Ongeveer 54% van Suid-Afrikaanse kiesers het tydens die afgelope plaaslikeregeringsverkiesing hulle stemme uitgebring. Dit is aansienlik meer as die 45,6% in die vorige plaaslikeregeringsverkiesing in 2021 maar nie so hoog soos die byna 58% in 2016 nie.

Die uitvoerende hoof van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK), Sy Mamabolo, het tydens 'n mediakonferensie by die nasionale uitslagsentrum gesê dat ongeveer 15,9-miljoen van die land se 29,2-miljoen geregistreerde kiesers hulle stemme uitgebring het.

Prof. Jannie Rossouw, ereprofessor by Wits Besigheidskool en 'n ekonoom verbonde aan Altitude Wealth, sê met die uitslae tot sy beskikking is sy voorlopige indruk dat die groter opkoms toegeskryf kan word aan 'n ongelukkige middelklas. Rossouw sê die middelklas was gewoond aan goeie dienslewering, en met die probleme wat tans daarmee gepaardgaan, gee hulle hul ongelukkigheid deur hulle politieke deelname te kenne.

Rossouw sê dat hy self die afgelope tyd vir drie dae sonder water was en dat die middelklas in die algemeen gefrustreerd is met die belasting wat hulle betaal vir dienste wat hulle nie kry nie. Hy sê die verskynsel is iets wat dopgehou behoort te word. **N**

DA het dalk meer swart kiesers as EFF



Ashor Sarupen

Redaksie

Die DA se federale voorsitter, Ashor Sarupen, sê die DA het, volgens hulle jongste projeksie, meer as een miljoen swart kiesers gehad wat in die plaaslikeregeringsverkiesing vir hulle gestem het. Dit is die meeste swart stemme wat die party nog op hom verenig het.

Sarupen sê die DA het nou meer swart steun as die EFF en voer aan dat dit die DA 'n hoofstroomparty in elke gemeenskap in die land maak. Sarupen het wel daarop gewys dat die DA steeds op die finale uitslae wag wat oor die volgende paar dae beskikbaar sal wees.

Volgens Sarupen strek hierdie moontlike mylpaal verder as die syfers.

"Vir te lank is Suid-Afrikaanse politiek deur ras gedefinieer, met die aanname dat velkleur bepaal vir watter party iemand stem."

Sarupen sê politieke partye hoef nie op rasverdeling of haat staat te maak om hulle ondersteuningsbasis uit te bou nie.

"Suid-Afrikaners kan gemeenskaplike belange vind in die dinge wat hulle verenig, soos goeie regering, geleenthede, waardigheid en 'n beter toekoms vir alle Suid-Afrikaners." **N**





Orania hou eie verkiesing

Redaksie

Terwyl die meeste Suid-Afrikaanse kiesers die afgelope week hulle kruisies oorwegend vir die politieke party van hulle keuse getrek het, het inwoners van Orania vir agt verteenwoordigers uit die gemeenskap gestem. Orania het hom in 2000 tot die Hooggeregshof gewend om te verhoed dat hy by die Thembelihle-munisipaliteit (wat Hopetown en Strydenburg insluit) ingelyf word, en hou sedertdien elke jaar sy eie verkiesing, in plaas van die plaaslikeregeringsverkiesings wat in ander metro's en munisipaliteite in die land plaasvind.



'n Oraniër bring sy stem uit. [Foto: Verskaf]

Die uitvoerende hoof van die Orania Beweging, Joost Strydom, het uit Orania aan Nuusweek gesê Orania se bestaansreg word beskerm deur artikel 235 van die Grondwet en dat hulle daarop bou en voortbou.

"Daar was al baie aanslae teen Orania, maar vir die afgelope 26 jaar verkies ons ons eie leiers. Geen politieke partye staan in Orania nie, net onafhanklike kandidate, en dié onafhanklike kandidate word deur die gemeenskap genomineer en gesekondeer. Daar is dus geen politieke partye (wat in Orania deelneem) nie — nie die EFF nie, nie die DA nie, nie die VF Plus nie, nie die ANC nie — net Oraniërs."

By die Onafhanklike Verkiesingskommissie se stempunt in Orania, waar kiesers van omliggende plase ook hulle stemme uitbring, het die VF Plus 405 stemme op hulle verenig, die DA 44, die ACDP vyf en die EFF en Patriotic Alliance een elk (proporsionele en wykstemme). **N**



Die stembrief in Orania. [Foto: Verskaf]



Marx-aanval: Een verdagte nou staatsgetuie

Seugnet van Zyl

Terwyl daar nog ’n lang herstelpad vir Donovan Marx (50), ’n beesboer in die Ventersdorp-omgewing, voorlê nadat hy wreed aangeval en gemartel is – sy ore is onder meer afgesny, het die vier verdagtes wat hom glo aangeval het, dié week in die hof verskyn.

Alex Phindile Nomngcayi (29), Mothoka Godfrey Mathipa (56), Mokhema Jan Maishone (53) en Thabo Thomas Motlhonglon (27) staan tereg op poging tot moord met verswarende omstandighede, roof met verswarende omstandighede, aanranding, die besit van ongelisensieerde vuurwapens, die onwettige besit van ammunisie en die rig van ’n vuurwapen, nadat hulle Marx verlede Woensdag na bewering op sy plaas aangeval het. Al vier beskuldigdes vra borgtog. Die vyfde verdagte, wat nie aktief aan die misdrywe deelgeneem het nie, maar inligting oor die aanval het, gaan as getuie vir die staat getuig.

Twee van die verdagtes, wat almal klapmusse aangehad het, het Marx in die bolyf geskiet en hom daarna in die huis gesleep, sy hande met kabelbinders vasgemaak en hom na bewering met ’n mes in die been gesteek, sy ore afgesny en hom verder aangerand.

Volgens Marlene Steyn du Toit, regsverteenwoordiger en woordvoerder van die Marx-familie, het Marx die week ’n mediese terugslag gehad wat verdere toetse en behandeling genoodsaak het.

Steyn du Toit sê Marx is tans stabiel, maar sy herstelproses is steeds ingewikkeld en uitdagend. Marx se ernstige beserings wat hy tydens die aanval opgedoen



Donovan Marx

het, is aanvanklik met noodchirurgie gestabiliseer.

Donovan se vrou, Louise, bedank die publiek vir die duisende boodskappe van medelye, bemoediging, gebede en praktiese ondersteuning wat hulle gedurende hierdie besonder moeilike tyd bereik het.

Steyn du Toit sê het die volgende boodskap namens Louise Marx aan die publiek oorgedra:

“Woorde kan nie beskryf hoe dankbaar ons is vir elke gebed, boodskap, oproep en gebaar van liefde wat ons ontvang het nie. Ons beleef tans ’n ongelooflik moeilike tyd, maar die ondersteuning van soveel mense gee ons krag en moed om elke dag aan te pak. Ons vra dat julle asseblief sal aanhou om vir Don te bid, veral vir sy herstel en vir die dokters wat belangrike besluite oor sy behandeling moet neem.”

Die wreedheid van die aanval op Marx het wyd reaksie ontlok.

Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het saam met Jacques Broodryk, AfriForum se hoofwoordvoerder oor gemeenskapsveiligheid, Woensdag ter ondersteuning van Marx se familie en om hul woede oor dié aanval uit te spreek, die hofverskyning van die beskuldigdes by die landdroshof in Ventersdorp bygewoon.

Boere in die Ventersdorp-omgewing en lede van die gemeenskap het ook na die hof opgeruk met plakkate waarop hulle teen moontlike borgtog vir die beskuldigdes kapsie gemaak het.

Daarbenewens het die Menseregtekommissie klagtes ontvang oor Andile Mngxitama, MK-LP, se opmerkings oor die aanval op Marx.

In Mngxitama se plasing op X het hy gesê dit was ’n simboliese gebaar om Marx se ore af te sny omdat “gronddiewe nie wil hoor nie”.

Die DA en die VF Plus het klagtes teen Mngxitama ingedien weens sy beweerde haatspraak.

Dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, ’n voorspraakgroep, het ’n klag teen Mngxitama by die parlement se Etiekkomitee ingedien.

Roets dring aan op ’n ondersoek en dat daar dissiplinêre aksie teen Mngxitama ingestel moet word. **N**



Tydperk van dooiepunte wag op Trump

Redaksie

Die volgende paar jaar van die Amerikaanse president, Donald Trump, se termyn gaan uitdagend wees nadat die Republikeine beheer oor beide die Huis van Verteenwoordigers en die Senaat verloor het.

Volgens Ballotpedia het die Demokrate in die Senaat ten minste sewe setels gewen, wat hulle 'n meerderheid van minstens 54 teen 44 besorg.

In die Huis van Verteenwoordigers beskik die party oor minstens 231 setels teenoor 141, hoewel stemme nog getel word. NBC News skat dat die Demokrate uiteindelik minstens 259 van die 435 setels in die Huis kan wen. Reuters berig die party het reeds minstens 30 Huissetels bygekry.

Twee Senaatswedlope is nog nie beslis nie. In Alaska loop die Demokraat, Mary Peltola, voor teen die Republikeinse senator Dan Sullivan, en in Mississippi is die Demokraat Scott Colom met 'n handjievol stemme voor senator Cindy Hyde-Smith.



Donald Trump

Die Demokrate het setels gewen in state wat Trump in 2024 maklik gewen het. In Texas het James Talarico vir Ken Paxton geklop en die eerste Demokraat geword wat sedert 1994 'n staatswye verkiesing in dié staat wen. In Maine is senator Susan Collins verslaan, terwyl Kansas vir die eerste keer sedert 1932 'n Demokratiese senator verkies het. Verdere winste vir die Demokrate sluit in Iowa, Noord-Carolina, Ohio en Suid-Carolina, waar onder meer die oudgoewerneur Roy Cooper en die oudsenator Sherrod Brown gewen het.

Die Demokrate het die goewerneurskap in ses state oorgeneem, naamlik Alaska, Georgia, Iowa, Nevada, Ohio en Texas. In Texas het Gina Hinojosa die sittende goewerneur Greg Abbott verslaan, en in Ohio het Amy Acton vir Vivek Ramaswamy geklop. Die wedloop in Kansas is nog nie beslis nie, met die Demokraat effens voor. Volgens die ontledingsgroep MultiState sal daar volgende jaar 29 Demokratiese en 20 Republikeinse goewerneurs wees.

Die visepresident, JD Vance, het die verliese by die stembus aan Amerikaners se frustrasie oor die Iran-oorlog toegeskryf.

Die volledige uitslae word in die komende dae verwag. **N**



AGOA: Nog strafmaatreëls kan volg



Jamieson Greer



Piet le Roux



Theuns du Buisson

Seugnet van Zyl

Vir 25 jaar lank kon Suid-Afrika tariefvry met Amerika handel dryf. Dié ooreenkoms het dié week egter skielik tot 'n einde gekom toe Suid-Afrika in kennis gestel is dat die land nie meer deel is van die Amerikaanse handelsprogram nie.

Jamieson Greer, die Amerikaanse handelsverteenwoordiger, het Maandagaand aangekondig dat Suid-Afrika uit die groep verwyder is wat voordeel trek uit die Amerikaanse Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (Agoa). Dit beteken dat Suid-Afrika van 1 Januarie 2027 nie meer met beduidende tariefverligting goedere na Amerika sal kan uitvoer nie.

Greer het in sy verklaring gesê pres. Donald Trump het bevind dat Suid-Afrika en Rwanda, die enigste twee lande in Afrika, se praktyke teenstrydig is met Agoa se geskiktheidskriteria.

Piet le Roux, uitvoerende hoof van Sakeliga, sê dié aankondiging dui op 'n verdere voorspelbare verskerping van Washington se strafmaatreëls.

Amerika het in September in 'n nuwe beleid sy ontevredenheid met die Suid-Afrikaanse regering uitgespreek. Ingevolge dié beleid word beperkinge op visums in ingevolge die Wet op Immigrasie en Nasionaliteit ingestel, omdat Amerika steeds bekommerd is oor beweerde misdade wat deur ras gemotiveer is en diskriminasie wat deur die Suid-Afrikaanse regering gefasiliteer word teen Afrikaners en ander minderheidsgroepe in Suid-Afrika.

Suid-Afrikaanse motorvervaardigers, sitrus-, neut- en wynboere het veral by dié handelsooreenkoms gebaat, sowel as die vervaardigers van chemikalieë en juweliersware wat op eie bodem vervaardig en uitgevoer is.

Le Roux sê dié bedrywe sal nou op dieselfde tariefgrondslag as uitvoerders uit ander dele van die wêreld moet meeding.

"Die feit dat talle Suid-Afrikaanse ondernemings dit moeilik sal vind om onder sulke omstandighede mededingend te bly, beklemtoon die ernstige skade wat rasbeperkende binnelandse regulering en wanbestuur aanrig. Dit maak fundamentele binnelandse hervorming des te meer dringend."

Theuns du Buisson, ekonomiese navorser by die Solidariteit-navorsingsinstituut sê hierdie besluit is die gevolg van 'n uiterste mislukking deur pres. Cyril Ramaphosa en Ronald Lamola, minister van Internasionale Betrekkinge en Samewerking.

"Dit is hulle werk om die belange van Suid-Afrikaanse werkers te beskerm, en hulle het klaaglik daarin misluk. Vir Lamola om in die voorafgaande weke te sê ons moet die ergste vrees, is ook onverskoonbaar. Sy werk is om te keer dat die ergste gebeur."

Volgens Du Buisson word omtrent 250 000 werksgeleenthede hoofsaaklik in die landbou, chemiese en motorbedryf deur Agoa beïnvloed.

"Al hierdie werksgeleenthede gaan nie noodwendig oornag verdwyn nie, maar dit kan as daar nie by die nuwe realiteit aangepas word nie. Uitvoerders staan nou voor 'n keuse. Gaan hulle die tariewe absorbeer of gaan hulle alternatiewe markte soek. Op die motorbedryf is daar tans 'n 25%-tarief, met Agoa wat verdere tariewe afgeweer het. Sonder Agoa sal daar nog 'n tarief van 12,5% bykomend gehef word."

Du Buisson sê hierdie besluit kan veroorsaak dat invoerders in Amerika Suid-Afrikaanse uitvoerders sal begin oorsien en eerder produkte elders koop of begin om dit plaaslik te vervaardig.

Bennie van Zyl, hoofbestuurder van TLU SA, sê as daar nie 'n tarief op 'n uitvoerproduk betaalbaar is nie, is die uitvoerder in 'n baie beter mededingende posisie.

"Ons boere, veral sitrusboere, is reeds onder druk met hulle uitvoere en nou raak 'n deel van die mark ontoeganklik weens 'n regering se kortsigtigheid. Die verlies aan voorkeurtoegang tot die Amerikaanse mark gaan Suid-Afrikaanse uitvoerders se mededingendheid ernstig benadeel. Produkte wat voorheen onder Agoa teen gunstiger tariefvoorwaardes uitgevoer is, kan nou vir die Amerikaners duurder en minder mededingend word. Dit plaas bestaande uitvoermarkte, ondernemings en werksgeleenthede onder druk." **N**

AfriForum kry federalisme-instituut

Redaksie

Dr. Martin van Staden, skrywer, regskenner en uittredende beleidshoof van die Vryemarkstigting (FMF), is die afgelope week as die hoof van AfriForum se nuwe Instituut vir Federalisme (AIF) aangestel. Dié instituut sal dien as die burgerregte-organisasie se algemene navorsings- en beleidsontwikkelingsentrum en as instrument vir die bevordering van denke en navorsing oor federalisme, selfbeskikking, desentralisasie en gemeenskapsoutonomie en -deelname.

Van Staden sal intussen in 'n senior adviserende hoedanigheid betrokke by die FMF en as hoofredakteur van die FMF se aanlyn nuusplatform, Rational Standard, aanbly. Hy sal ook steeds dien in verskeie uitvoerende rade van die FMF en aanbly as lid van die FMF-direksie.

Hy het in Mei vanjaar 'n doktorsgraad in die regte (LLD) verwerf, nadat hy 'n proefskrif onder toesig van professor Koos Malan aan die Universiteit van Pretoria voltooi het. Sy proefskrif het die verskynsel van transformatisme in die Suid-Afrikaanse publiekreg ondersoek.

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, sal Van Staden se aanstelling AfriForum se beleidsontwikkelings- en navorsingsvermoë oor die praktiese toepassing van gemeenskapsfederalisme as 'n lewensvatbare alternatief vir die land se falende gesentraliseerde stelsel aansienlik versterk.

"AfriForum werk reeds oor die hele land heen daaraan om sterk, self-standige gemeenskappe te bou wat verantwoordelikheid vir hul eie toekoms neem. Van Staden en die pas gestigte AIF sal help om 'n stewige teoretiese en praktiese grondslag te lê vir AfriForum se werk in hierdie verband. Ons sien daarna uit om hom in die span te verwelkom, terwyl ons saam bou aan 'n beter toekoms."

Alhoewel AfriForum en die FMF onaf-hanklike instellings is met verskillende prioriteite en onderwerpe van klem en fokus, het die organisasies al voorheen saamgewerk op gebiede van gemeenskaplike belang.

Die FMF het onder meer onlangs aangesluit as vriend van die hof by AfriForum se hofsaak om die grondwetlikheid van die Onteieningswet te betwis. Die organisasies het ook ander raakpunte in denke. Die benadering van die FMF se Khaya Lam- ("My tuiste"-)inisiatief wat daarop gemik is om eienaarskap van eiendom onder individue sonder formele titelaktes te bevorder, strook byvoorbeeld met AfriForum se werk waardeur daar reeds sedert 2006 prakties gebou word aan die beskerming en uitbreiding van gemeenskappe se vryhede.

Dié raakpunte bevestig, volgens Van Staden, dat gemeenskapsbou en indivi-duele vryheid nie teenstrydige beginsels is nie, maar mekaar eerder versterk.

"Daar kan geen gemeenskap wees sonder die vrye en vrywillige deelname van individue nie; so kan daar ook geen vrye individu wees sonder die karaktervastheid en beskerming teen staatsabsolutisme wat deur sosiale bande moontlik gemaak word nie."

Van Staden sien intussen uit daarna om sy kennis en ervaring by AfriForum en meer spesifiek in die vestiging van die AIF aan te wend en leiding hier te bied.

"Die tradisie van konstitusionalisme, geordende vryheid en federalisme sal my werk by AfriForum rig, en is noodsaaklik vir die bevordering van 'n veerkragtige gemeenskapslewe – die grondslag vir 'n vryer en meer stabiele Suid-Afrika. AfriForum en die Solidariteit Beweging se twee dekades lange toepassing van gemeenskapsfederalisme bied boonop 'n stewige fondament waarop nou voortgebou kan word."

David Ansara, uitvoerende hoof van die FMF, sê Van Staden se regsgeleerdheid en voorspraak vir vryheid die afgelope byna tien jaar was 'n reusebate vir dié stigting.

"Ons wens hom alle voorspoed toe met hierdie unieke geleentheid en sien uit daarna om ons samewerking met hom in 'n adviserende hoedanigheid voort te sit."

Van Staden is in Junie 2023 aangestel as hoof van beleid van die FMF. Hy was daarvoor adjunkhoof van beleidsnavorsing by die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasseverhoudinge en 'n regsgenoot by Sakeliga. Vanaf 2017 tot 2020 was hy ook werksaam by die FMF, eers as regsnavorser en daarna as hoof van regsbeleid. Hy is sedert 2018 lid van AfriForum en het in samewerking met die burgerregteorganisasie navorsing onderneem oor Nasionale Gesondheids-versekering (NGV) en rassewetgewing.

"Ek is baie dankbaar teenoor die FMF vir die rol wat die stigting gespeel het in my professionele ontwikkeling en in die onverskrokke bevordering van vryheid in die land. Ek sien uit daarna om in die jare wat kom, my bydrae tot die stigting se werk voort te sit." **N**



Kallie Kriel, Martin van Staden en Werner Human

Besonderse Kerssang-geleentheid by Monument

Die ikoniese Voortrekkermonument, bekend vir sy indrukwekkende akoestiek, bied op Sondag 13 Desember die grootste Kerssang by Kerslig-geleentheid nóg by die Kultuurtuiste aan. Die internasionaal bekroonde sopraan Amira Willighagen sal as gaskunstenaar optree en beloof om die gehoor met haar besonderse sopraanstem te betower.

Die geleentheid begin om 17:30 en vorm deel van die Kultuurtuiste se Gelofteweekprogram in aanloop tot Geloftedag op 16 Desember. Musiek, geloof en erfenis sal tydens die geleentheid saamvloei in 'n unieke viering van die Kerstyd.

Willighagen, wat internasionale erkenning verwerf het nadat sy op 9-jarige ouderdom die kompetisie Holland's Got Talent gewen het, woon reeds die afgelope tien jaar in Suid-Afrika en studeer tans BMus aan Tukkies studeer. Sy sal tydens die geleentheid in vyf tale sing: Duits, Nederlands, Engels, Italiaans en Afrikaans, en dra by tot die program wat uit klassieke meesterwerke, bekende geestelike liedere en geliefde saamsing-Kersliedere bestaan.

Volgens Dawid Brand, mediahoof van die Kultuurtuiste, is die doel van die geleentheid om mense deur musiek en geloof byeen te bring en die feestyd op 'n betekenisvolle wyse in te lui.

"Met Kerssang by Kerslig wil ons 'n besondere belewenis skep waarin die skoonheid van musiek, die boodskap van Christus se geboorte en die waarde van ons erfenis gevier word. Die Voortrekkermonument is 'n plek van diep historiese en geestelike betekenis. Dit maak die Monument die ideale ruimte om in die aanloop tot Geloftedag saam te kom, ons geloof te vier en deur musiek herinner te word aan dít wat ons as mense verenig," sê Brand.

Die program sluit gewilde werke soos "Amazing Grace", "Ave Maria" en "Nella Fantasia" tot die indrukwekkende "Jerusalem" (The Holy City) in. Die gehoor sal ook saam kan sing aan geliefde Kersliedere soos "Stille nag", "Kom alle getroues" en "Hoor die blye Eng'lelied".

Afrikaanse gunstelinge, waaronder "Somerkersfees", "My hele hart" en "Magaliesburgse Aandlied", vorm eweneens deel van die program. Die kombinasie van solowerke, koorsang en orkesbegeleiding beloof om die aand 'n besondere musikale karakter te gee.


Hoewel die uitvoering in die Heldesaal plaasvind, word die verrigtinge vanjaar vir die eerste keer ook regstreeks op groot skerms in die Senotaafsaal en op die Markplein uitgesaai. Dit sal meer besoekers die geleentheid gee om deel van die ervaring te wees.

Benewens die musikale program sal die geleentheid ook ruimte skep vir nadenke oor die geestelike betekenis van Geloftedag. Die aflê van die Gelofte vorm deel van die program, waarna 'n kanonskoot die verrigtinge op gepaste wyse sal afsluit.

Die Kultuurtuiste nooi gesinne, families en musiekliefhebbers uit om saam die Feestyd by een van Suid-Afrika se bekendste en betekenisvolste erfenisbakens in te lui.

Kerssang by Kerslig vind op Sondag 13 Desember om 17:30 by die Voortrekker-monument plaas. Kaartjies kos tussen R50 en R250. **N**

Bespreek vandag nog jou plek by vtm.org.za.



Pretoria FM

25% afslag

op Nuusweek-regskennisgewings



Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za



Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer



Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek **www.nuusweek.co.za**

Nuusweek

Regskennisgewings

Bepalings en voorwaardes geld.

Lesers se beurt



Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Hier is wat lesers die afgelope week oor die verkiesing te sê gehad het:

Sienie Van Der Merwe

Hulle moet 100 000 stemme van die ANC aftrekas gevolg van al die korrupsie.

Ansie Botha

Ek weet tannie Helen Zille sal die beste besluit maak. Viva DA! Viva!

Nellie du Preez

Nou moet ons hoop ons wysheid sodat verantwoordelike koalisies gevorm kan word.

Rupert de Villiers

Hierdie verkiesing was die begin van die einde vir die ANC. Ek sien uit na 'n toekoms waar ons nie uitgelewer is aan 'n korrupte ANC nie.



Riaan Viljoen

Ek het gaan stem en is bly om te sien dat die ANC op hulle neus kyk.

Theresa Marais

Wat het gebeur met al die stemme van mense wat wel geregistreer was en toe hulle by die stemlokale kom is hulle vertel dat hulle op ander plekke moet stem waar hulle nog nooit geregistreer was nie? En ander mense weer op plekke waar hulle baie jare gelede gebly het? Hierdie mense het almal vooraf bevestig dat hulle wel geregistreer was by die lokale waarheen hulle gegaan het.

Jannie Beyers

Ek wens koalisies was nie nodig nie. Tot op hede het dit ons stede net in 'n ramp gedompel.

Ons wil graag van jou hoor.
Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



Het die Westerse swaai na regs tot 'n einde gekom?



Die Demokrate in die VSA het Dinsdag 'n reuse-oorwinning oor die Republikeine behaal – die grootste in dekades. Van die mees linkse politici is Dinsdag tot die Amerikaanse Senaat en Huis van Verteenwoordigers verkies, asook tot verskeie ampte in deelstate regoor die VSA. Die VSA het Dinsdag, bewustelik of dalk onbewustelik, 'n dramatiese swaai na links gemaak.

Dinsdag se verkiesing volg slegs twee jaar ná Donald Trump se groot oorwinning oor Kamala Harris en die Republikeine se sukses in die Senaat en Huis van Verteenwoordigers. Sedert 2024 het ons toenemende steun vir regse partye regoor Latyns-Amerika gesien, onder meer in Argentinië, Chili, Peru, Colombia, Costa Rica en El Salvador.

In Europa het regse partye ook 'n beduidende toename in steun in lande soos België, Duitsland, Frankryk en Portugal getoon. Regse groeperinge in die Europese Parlement het vandag meer lede as ooit tevore in die geskiedenis van die Europese Unie.

Behalwe vir die Republikeine se nederlaag Dinsdag in die VSA, het ons egter ook onlangs regse nederlae in Brasilië, Israel, Serwië, Hongarye en sommige Skandinawiese lande gesien. Beteken dit dat die verskuiwing na regs in Westerse of Westers-georiënteerde lande tot 'n einde gekom het? Sien ons 'n hernude opkoms van sosialisme? Waarskynlik nie.

Daar is verskeie goeie redes waarom regse partye swak vaar of selfs uitgestem word. Dit kom dikwels neer op populisme wat as beleid opgedis word, arrogansie, 'n gebrek aan begrip vir die behoeftes van gewone kiesers en soms selfs wanadministrasie en korrupsie. Politieke partye wat steun probeer werf deur op stootfaktore te fokus, soos massa-immigrasie, misdaad, ekonomiese probleme, die chaos wat woke-idees in gemeenskappe veroorsaak en selfs ernstige veiligheidsbedreigings, maar self nie deeglike antwoorde en oplossings ontwikkel nie, loop een of ander tyd teen hul eie kiesers vas.

Daar is ook goeie redes vir die verskuiwing na regs oor die afgelope paar jaar. Massa-immigrasie en die ontstaan van parallelle gemeenskappe in Westerse lande, veral as gevolg van Moslem-immigrante wat weier om te assimileer en hul eie tale, kultuur, geloof en gewoontes op dramatiese wyse in woonbuurte vestig en afdwing, veroorsaak groot krisisse regoor die Weste. Dit beïnvloed ook verkiesings direk, soos in die VSA in 2024, toe Trump gewen het, en meer onlangs in Chili, waar massa-immigrasie 'n sentrale tema was. In die komende verkiesings in Spanje, Pole, Frankryk, Italië en Oostenryk sal dit na verwagting ook 'n sentrale tema wees.

Linkse politieke partye bestaan toenemend uit 'n kombinasie van immigrante uit die Midde-Ooste en Afrika, linkse sosialiste en progressiewe globaliste. Wanneer hierdie politieke partye aan bewind kom, is hulle geneig om die ekonomie oor te reguleer, belasting te verhoog, begrotingsoorskotte in tekorte te omskep, meer vlugtelinge en immigrante in te neem, die reeds onvolhoubare welsynstaat verder uit te bou en woke, linkse idees oor geslag, rasseverhoudinge, Westerse skuldgevoel, identiteit, kultuur en waardes op die samelewing af te dwing. Dit is die redes waarom daar die afgelope paar jaar in soveel lande 'n swaai na regs was.

In 2024 het Trump daarin geslaag om die vrese van 'n meerderheid Amerikaners te verwoord. Dit het onder meer plattelandse konserwatiewe kiesers, gematigde voorstedelike Amerikaners, die helfte van Latyns-Amerikaners en 'n groeiende groep swart mans en Amerikaners van Asiatiese afkoms ingesluit. Hulle was bekommerd oor die vernietigende beleid van die Biden-administrasie. Trump het sy oplossings op eenvoudige wyse aan kiesers voorgehou en duidelike beloftes gemaak: laer lewenskoste, strenger grensbeheer, die deportasie van gevaarlike onwettige immigrante, 'n ferm teenreaksie op die woke-ideologie en 'n Amerika-eerste-beleid wat welvaart skep, internasionale verhoudinge herkalibreer en die wêreld 'n veiliger plek maak.

Wat Amerikaners die afgelope 21 maande gekry het, was slegs 'n deel van hierdie beloftes. Hulle is egter ook met baie drama, magsvergrype, kleinlike gevegte, 'n oorlog in Iran en stygende brandstof- en voedselpryse, asook inflasie, gekonfronteer. Trump se invoertariewe was eerder 'n onkonsekwente magsspel as 'n strategiese gebruik van tariewe om die Amerikaanse ekonomie te versterk. Vriende is in vyande omskep, en Amerikaners het nie net armer begin voel nie, maar ook ervaar dat hul land soos 'n internasionale paria behandel word. Dit is vererger deur 'n leier wat kwetsend, onkonsekwent en onverantwoordelik optree en te veel mag in die Withuis konsentreer.

Die uitslag van Dinsdag se verkiesing is bekend: kiesers het 'n regstelling in Washington afgedwing. Die onmiddellike skok is die verkiesing van tientalle kandidate wat juis standpunte verteenwoordig wat volgens baie Amerikaners tydens die Biden-era tot talle probleme bygedra het. Wat egter duidelik is, is dat 'n meerderheid Amerikaners nie vir hierdie kandidate gestem het nie. Hulle het teen Trump en die manier waarop hy hul mandaat gebruik het, gestem. Dit is nie noodwendig 'n swaai na links nie, maar eerder 'n waarskuwing aan regses regoor die wêreld: hulle kan nie hul mag sonder perke uitoefen asof hulle nie verantwoording aan die kiesers verskuldig is wat hulle verkies het nie.N

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Moet op prinse nie vertrou nie

REPLIEK

Dalena Beyers

Die munisipale verkiesing is hierdie week die groot nuus, en daarvan gaan ons nie kan wegkom nie. Maar dit voel tog of die euforie van moontlike politieke verandering nie dieselfde frekwensie van frenetiese verwagting het as in vorige jare nie. Miskien is dit omdat kiesers hierdie keer sommer tydens die verkiesingsweek sonder krag en water sit, en die brandstofprys maak dat optimisme loodswaar afsak aarde toe. Geen politiese grootpratery kan die werklikheid kamoefleer of die realiteit van plaasaanvalle ontken nie.



Wat ook al die uitkoms van die verkiesing, ondervinding wys nou al dat verandering net kan gebeur waar gemeenskappe self intree en verantwoordelikheid neem. Nie dat dit beteken dat die regering nie 'n rol het om te speel nie, hulle moet juis ook verantwoordelikheid kan aanvaar.

Die aankondiging dat Suid-Afrika uit Agoa (oftewel die groep wat voordeel trek uit die Amerikaanse Wet op Groei en Geleenthede in Afrika) geskop is, is uiters kommerwekkend en nie 'n goeie aanduiding vir 'n opbloei van die ekonomie soos belowe deur die politici nie. Diplomasie is 'n gesofistikeerde bedryf wat geskoei is op wedersydse respek en samewerking, verdraagsaamheid en duidelike kommunikasie, en daarvan is daar wêreldwyd tans 'n groot tekort.

Die onsekerheid wat veroorsaak word deur 'n regering wat nie verantwoordelikheid vir hul wanprestasie kan aanvaar of die skuldiges laat boet vir hul aandadigheid nie, maak dat die gewone landsburger die rieme al hoe dunner moet sny en die lendene omgord om daagliks te kan oorleef. Ná 30 jaar van bewind is die demokrasie tog al mondig en veronderstel om weg te beweeg van 'n onvolwasse uitduiking en ontkenning van verantwoordelikheid, maar die regering probeer steeds sy mislukkings agter strooipoppe van ideologie (en drogmonsters van sameswerende skimme) versteek. Kiesers sal uiteindelik by die stembus wys hoe suksesvol hierdie strategieë was.

Oorloë en gerugte van oorloë was nog altyd met ons, alhoewel jy heel moontlik kan dink die eindtyd het rééds aangebreek as deur die middestad van die eens trotse Goudstad ry. In Engeland word mense aangeraai om drie dae se kosvoorraad in hul huise te hou, en studente-opstande in Europa lyk verdag baie soos politiese onrus met 'n komponent wat vlae van verdagte oorsprong laat wapper.

En hoewel onsekerheid hoogty vier, bly Psalm 146 (met die Totius-beryming) in my kop draai: dat prinse nie vir ons heil gaan bring nie, en dat ons saligheid selfs in alle verlatenheid daarop berus dat ons in die Ware Toeverlaat skuiling vind:

1. Prys die HEER met blye galme,
   o my siel, daar's ryke stof!
   'k Sal, solank ek leef, my psalme
   vrolik toewy aan sy lof
   en Hom, wat sy guns my bied,
   altyd groot maak in my lied.

2. Moet op prinse nie vertrou nie,
   by wie niemand heil kan vind –
   op die mens jou hoop nie bou nie;
   want as God hul gees ontbind,
   keer hul na die aarde weer
   en hul raadslag stort terneer.

3. Salig hy wat in die lewe,
   sonder hulp en sonder raad,
   as hom alles wil begewe,
   vlug tot God, sy toeverlaat;
   en ook in die swartste nag
   op die HERE alleen bly wag. **N**

**Beyers is 'n raadgewer vir Plaaslikeregeringsake by AfriForum*



Wanneer die regering die hand byt wat hom voer, en joernaliste na Springbok-rugby gryp

Padlangs
Alta Strauss

Die afgelope week het ek na twee afsonderlike onderhoude van Daily Maverick gekyk, en ek is verstom oor die swak joernalistiek en die volslae kortsigtigheid.

Waar begin 'n mens? In 'n oorwegend homogene samelewing word mense saamgebind deur dit wat hulle deel: dieselfde taal, dieselfde geskiedenis en soortgelyke waardes en beginsels. Waar daar egter groot kulturele diversiteit bestaan, waar mense se agtergronde, tradisies, geloofsoortuigings en lewenswyses uit verskillende bronne kom, verg dit 'n ander soort eenheid om mense saam te bind. In so 'n konteks hou bestaande ooreenkomste nie die samelewing bymekaar nie. Dit is eerder die band wat mense deur en ten spyte van hul uiteenlopende kulturele verskille met mekaar smee.

Die vraag is dus nie net "Wat hou mense bymekaar?" nie, maar ook "Hoe bou ons 'n band sonder om ander groepe se identiteit, kultuur of menswaardigheid af te breek en stelselmatig te versmoor?"

Een van die grootste uitdagings in ons land is tans dat die regering nie die wil het om 'n regverdige vergelyk te tref nie. Daar word voortdurend met klippe gegooi en aantygings gemaak oor 'n beweerde onwilligheid om die land se probleme aan te pak. Maar hoe dikwels 'n leuen ook al herhaal word, dit word nie daardeur 'n waarheid nie. Die waarheid is dat dit die regering se wil is wat ontbreek. Dit is die regering wat homself as 'n outokrasie posisioneer deur diegene wat ideologies van hom verskil, kultureel te probeer uitwis.

Dit is die regering wat voortdurend die hand byt wat hom voer. Hy kritiseer groepe en individue wat hul plek in die land volstaan deur proaktief op te tree en self dinge te doen waar die regering faal. Hy val diegene aan wat universiteite bou, infrastruktuur onderhou en veg om die land se kredietwaardigheid te beskerm, omdat



hulle nie bereid is om vir hul bestaansreg te bedel nie.

Wat ons sien afspeel, is 'n politieke ontwerp wat kulturele en morele verskille wil uitwis deur 'n kunsmatige eenheid te probeer skep. 'n "Eenheid" sonder respek. 'n "Eenheid" wat almal onderdruk wat ideologies van die regering verskil. 'n "Eenheid" waarin die burgers vir die regering moet werk, en waarin burgerlike groepe die regering se plig en verantwoordelikheid moet oorneem waar die regering nie die wil of vermoë het om sy mandaat uit te voer nie. 'n "Eenheid" waarin geen goeie daad ongestraf bly nie, en waarin dit "vergoed" word deur 'n bedreiging van mense se reg op burgerskap, gelykheid, vryheid van handel, beroep en oortuiging, eiendom en sekuriteit. Daarom is dit belangrik om te beklemtoon dat eenheid nie dieselfde as eenvormigheid is nie.

Eenheid kan nie ten koste van kulturele uitwissing kom nie. Dit is juis hierdie kulturele verskille wat 'n groot bron van positiewe, selfstandige bydraes in ons land is, al ontvang dit eerder kritiek as erkenning en respek.

In die lig hiervan blyk 'n federale stelsel 'n meer realistiese benadering te wees. Anders as wat partydige nuusblaaie dit laat lyk, het federalisme nie verdeeldheid as einddoel nie, maar gedesentraliseerde verantwoordelikheid: gemeenskappe wat hulself die beste ken, bestuur hulself.

Dit is 'n politieke erkenning van diversiteit en van verskille in taal, kultuur, onderwysbehoeftes, infrastruktuur, gemeenskapsprioriteite, tradisionele gebruike, godsdienstige sensitiwiteite en sosiale dinamika, wat nie oral dieselfde is nie. Dit gee gemeenskappe op plaaslike vlak die ruimte om beleid by die werklikheid van hul mense aan te pas. So 'n benadering bou vertroue, wat die grondslag van enige regering behoort te wees: vertroue wat 'n brug oor verskille slaan.

Dit beteken nie dat mense teenoor mekaar moet staan nie, maar dat hulle mekaar se reg op selfbeskikking binne die grense van 'n gedeelde Grondwet en gemeenskaplike burgerwaardes moet eerbiedig.

Sentrale beheer, daarenteen, veronderstel dikwels dat een stel doelwitte, waardes en beginsels van bo af die hele land suksesvol kan reguleer. Op papier klink dit dalk administratief doeltreffend, maar in die praktyk is dit ondoeltreffend en vernietigend. Dit kan ook vinnig in magsmisbruik ontaard,

Na bladsy 16

Wanneer die regering die hand byt wat hom voer, en joernaliste na Springbok-rugby gryp (Vervolg)

Van bladsy 15

waar gemeenskappe hul identiteit moet prysgee in ruil vir toegang tot beleid, finansies en beskerming. Dit is nie eenheid nie. Dit is 'n eensydige oplegging van verantwoordelikheid in plaas van 'n tweesydige ooreenkoms. Kyk maar net wat tans in Europa gebeur.

Die aanname dat 'n federale stelsel van selfbeskikking met rassisme te make het, word roekeloos in die openbare debat gebruik om enige vorm van kulturele selfbeskerming onmiddellik te diskrediteer. Die waarheid is egter dat dit hoegenaamd nie rassisme genoem kan word as jy jou kultuur, beginsels, geloof en morele waardes beskerm, solank jy ander se reg erken om dieselfde te doen nie.

Rassisme is die sosiale, ekonomiese of politieke diskriminasie, uitsluiting of onbillike behandeling van 'n persoon of groep op grond van ras, velkleur of etniese afkoms. Die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging val onder hierdie omskrywing. Regstellende aksie het in Suid-Afrika byna 'n eufemisme geword: 'n sagter uitdrukking vir blatante rassehaat.

Om by die regte antwoord uit te kom, moet die regte vraag gevra word. 'n Beter vraag sou wees: "Watter institusionele ontwerp skep ruimte vir verskille om menswaardig te bestaan sonder om die grondslag van burgerlike samehorigheid te ondermyn?" Die antwoord daarop is 'n federale benadering van selfbeskikking: 'n stelsel waarin die staat se rol is om kulturele diversiteit te erken eerder as om een enkele kulturele interpretasie as die enigste geldige norm te vestig.

Om die Springbok-rugbyspan as voorbeeld te gebruik om sentralisasie te regverdig, soos in die onderhoude wat ek aan die begin genoem het, is fundamenteel gebrekkig. Hoewel die Springbokke 'n sterk simbool is van 'n nasionale span wat mense oor grense en agtergronde heen verenig, mis hierdie argument vir sentralisasie die grondslag van wat 'n regering doeltreffend en uitnemend maak.

Die probleem begin by die veronderstelling wat die analogie inhou. Dit neem aan dat almal in die land dieselfde verdienste toon as 'n Springbokspeler, en dieselfde sin vir verantwoordelikheid, aanspreeklikheid en toewyding het om die doel suksesvol te bereik. Verder veronderstel dit dat almal in die land dieselfde beginsels en waardestelsel deel.

'n Rugbyspan is nie 'n kultureel diverse nasie met veelvuldige morele raamwerke, agtergronde en oortuigings wat binne dieselfde grondgebied saamleef nie. 'n Rugbyspan vereis tydelike samewerking vir 'n wedstryd. Spelers weet dat die span doelbewus gekies is, en dat daar 'n duidelike rolverdeling is wat met streng dissipline, verantwoordelikheid en aanspreeklikheid gepaard gaan.

Die rugbyanalogie mis ook die punt dat die Springbokke se eenheid nie deur die uitwissing van verskille gebou word nie. Die span bou 'n gedeelde identiteit rondom 'n kernprestasie. Dit bestaan uit spelers met uiteenlopende agtergronde wat tydelik saam funksioneer binne 'n struktuur wat 'n spesifieke doel dien. Wanneer 'n mens hierdie metafoor op 'n grondwetlike ontwerp toepas, skuif jy ongemerk van "samewerking rondom 'n doel" na "integrasie deur kulturele aanpassing". Dit is presies waar sentralisasie in 'n diverse samelewing gevaarlik word.

Daarom behoort die kernbeginsel nie "Sentraliseer waar moontlik" te wees nie, maar eerder "Desentraliseer waar moontlik". Federalisme pas goed by hierdie beginsel in. Dit bied 'n raamwerk waarin die land as geheel een burgerlike projek met 'n gedeelde grondwetlike orde kan wees, terwyl gemeenskappe terselfdertyd hul kulturele, godsdienstige en morele tuistes kan behou. In so 'n stelsel kan mense mekaar se menswaardigheid erken, want hulle hoef hulself nie te "dekultureer" om sinvol deel te neem nie.

Uiteindelik gaan dit oor hoe 'n mens reg en menswaardigheid vertolk. As die staat mense se kulturele selfbeskerming as verdag behandel, word eenheid 'n vorm van manipulasie. As die staat gemeenskappe se reg erken om hul waardes en beginsels te beskerm, kan eenheid 'n werklik gedeelde verbintenis word. In dié sin is die debat oor federalisme teenoor sentralisasie nie bloot tegnies nie. Dit is 'n morele keuse oor hoe diversiteit, menswaardigheid en samewerking in 'n diverse samelewing kan voortleef.

Wat ons land nodig het, is 'n stelsel met vertroue en respek as grondslag, waar verskille nie as 'n bedreiging gesien word nie, maar as iets waardevols. **N**

**Alta Strauss is 'n breinprofielpraktisyn, motiveringspreker en skrywer.*



'n Huis ontwerp vir onthaal

PRETORIA HISTORIA
Riana Mulder

Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder

Die elegante Melrose Huis is ontwerp en ingerig om 'n plek te wees waar die gesin en hulle vriende kon saamkuier, en die kinders kon tuis voel. Die huis se deure was altyd oop vir gaste.

'n Besoekersboek van 1905, bygehou deur Janie Heys, lees soos die Who's Who van Victoriaanse Pretoria: Eddie Bourke, Carl Jeppe, sir John en lady Wessels, Johann Rissik en nog baie ander. Jan Smuts was 'n goeie vriend en 'n ondertekende foto van hom het in die biljartkamer gehang.

Daar is gereeld formele dinees gehou waar twintig tot dertig gaste aangesit het. 'n Hoofkelner, in 'n manelpak en bygestaan deur nog drie of vier kelners, het by hierdie geleenthede die gaste bedien. Die twee jongste Heysdogters se huweliksonthale is ook later jare daar gehou.

Op Vrydae het Janie Heys gewoonlik 'n groepie vroue vir middagete genooi, wat opgedaag het in groot hoede en elegante uitrustings. George Heys het dan beleefd sy wandelstok geneem en die Pretoriaklub gaan besoek.

Saterdae is daar tennis gespeel, en teen vieruur is tee, toebroodjies en koekies bedien. Die mans het dikwels biljart gespeel, en teen laatmiddag whisky en sodawater gedrink. Teen sesuur het die gaste egter weer vertrek.

Daar was omtrent te alle tye ten minste 14 bediendes om die groot huis en tuin behoorlik in stand te hou. Een van hulle, Andries Letsoalo, het vanaf 1912 tot 1982 (toe die huis lankal nie meer aan die familie behoort het nie) by die huis gewerk, en van sy herinneringe is deur een van die museumkurators gedokumenteer.

Hy onthou byvoorbeeld hoe hy die groot teekan tydens tennispartytjies moes buitetoe dra, en hoe die vrouespelers warm gekry het in hulle lang rokke.

Volgens Andries het Janie Heys nie eintlik self kosgemaak nie, maar sy het besluit wat op die spyskaart sou wees, en saans het sy dit op 'n lei in die kombuis geskryf vir die kok, mev. Blackmore. Mnr Heys het nie sout of suiker in sy kos gebruik nie, en selfs die ryspoeding moes sonder suiker gemaak word. Soggens het hy gehou van 'n geposjeerde eier, en mev. Heys van roereiers, spek en roosterbrood. Mnr Heys het ook graag frikkadelle vir middagete of aandete geëet, en daar was gewoonlik in die middag en aand een of ander vorm van nagereg, soos 'n soufflé.

Janie Heys het haar besiggehou met werk op komitees, konfytkook en vrugte-inlê, vir siekes "beef tea" en "nourishing egg custards" (wat sy self gemaak het) gaan aflewer, en sy het ook self alle reëlings vir haar formele etes, musiekaande en danse getref. Sy en haar dogters het dikwels ná 'n oorsese reis tyd gemaak om by die president se vrou, tant Gesina, te gaan besoek aflê sodat hulle vir haar alles daarvan kon vertel.

Op stiller dae het Janie tuisgebly, altyd gereed om besoekers te ontvang in haar voorkamer, met water wat oor 'n lampie warm gehou is vir tee, saam met fyn toebroodjies, Bostonbrood en vrugtekoek.

Ná haar skielike dood in 1929 het haar liggaam in dieselfde vertrek in staatsie gelê, omring deur massas blomme. Toe sy twee dae later begrawe is, was die stoet blykbaar meer as vier blokke lank.

Haar treurende man het kort daarna ter nagedagtenis aan haar die Heys Memorial Hall aan die Wesleyaanse Metodistekerk geskenk, en aan die dorp self 'n klokkespel..**N**


**Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



Die elegante mev. Janie Heys. [Foto: Melrose museumversameling]

Die Boekeblad met Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Die seun wat bly leef het
– Jacques Papenfus

R300, Luca


Jacques Papenfus se organisasie Moeggesukkel is bekend vir die duisende lewens wat hierdie platform aanraak, maar min mense ken die verstommende verhaal van die man agter die skerms.

Ná 'n tragiese motorongeluk waarin Jacques op negejarige ouderdom sy hele gesin verloor, volg 'n lewe van trauma, skuldgevoelens, rebellie en 'n voortdurende hunkering na 'n plek waar hy behoort. Maar uit hierdie tydperk van ongekende seer het 'n buitengewone reis van geloof en herstel begin.

Jacques neem die leser deur sy donkerste jare, sy soeke na antwoorde, wonderbaarlike ontmoetings met God en die ontstaan van Moeggesukkel. Hierdie boek vertel die verhaal van 'n seuntjie wat gewonder het waarom hy oorleef het, en 'n man wat ontdek het dat sy diepste wonde die plek geword het waar God se genade die helderste skyn. *Die seun wat bly leef het* is 'n getuienis van hoop vir elkeen wat verlies, verwerping of eensaamheid ervaar het; 'n herinnering dat ons waarde nie bepaal word deur wat ons verloor het of wat ander van ons dink nie, maar deur die wete dat ons kosbaar is in God se oë.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

Zara
– Valda Jansen



R290, Human & Rousseau


In 2024 besluit Klara, 'n skrywer van Kaapstad, om die historiese figuur Zara se lewe en werk na te vors en in 'n roman te herverbeel.

Zara, 'n Namavrou wat in 1793 naby Steinkopf in Klein-Namakwaland gebore is, trou in 1814 met Duitse sendeling Heinrich Schmelen. Later vestig die egpaar hul in Komaggas en saam vertaal hulle die vier evangelies in Nama. In 2014 besluit 'n groep afstammelinge om in Komaggas byeen te kom om hul voorouers se 200-jaar-nalatenskap te herdenk. Onder hierdie groep is die verteller, Klara, wie se enigste kind, Noa, 'n bloedverwantskap met Zara het. Klara se soeke na wie Zara werklik was, word as't ware 'n pelgrimstog wat die belangrikheid om taal en kultuur d.m.v. die geskrewe woord vir toekomstige geslagte te bewaar, onder die soeklig plaas.

Min is oor Zara bekend. Sy is deur die geskiedskrywers van haar tyd weggelaat en haar man het die erkenning ontvang vir die vertalings. Hierdie roman poog om Zara en haar lewenswerk uit die skaduwees te lig.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

Bollie-Wollie en die nag voor Kersfees
– Elize Parker



R190, Luca

Bollie-Wollie en die nag voor Kersfees is 'n unieke storie oor die geboorte van Jesus Christus.

Bollie-Wollie is 'n oulike lammetjie met 'n sagte pienk neus wat saam met sy gesin na Bethlehem reis om die nuwe Herder te ontmoet.

Dit is 'n wonderlike boek om die spesiale storie en boodskap van Kersfees met jonger lesers te deel deur die oë van Bollie-Wollie as 'n klein karaktertjie wat teenwoordig was die nag van Jesus se geboorte.

Hierdie boek is die ideale geskenk vir jong kinders om die boodskap van Kersfees oor te dra.

Bestel dit aanlyn by www.graffitibooks.co.za

TOPVERKOPERS

Hier is die week se topverkopers:

10	***Grensloos*** – Wilna Adriaanse
9	***Beneweling van bloed*** – Pieter Stoffberg
8	***Sterre is vir altyd*** – Sophia Kapp
7	***Ingekluis*** – Tertius Janse van Rensburg
6	***Blinde kol*** – Martin Steyn
5	***Swerwerskraal*** – Keina Swart
4	***Op Lig*** – Thilde Nel
3	***Anderkant die water*** – Ronel du Plessis
2	***Diereriem*** – Etienne van Heerden
1	***Goedheid en guns*** – Sophia Kapp

Wen 'n R300-Graffiti-geskenkbewys

3 Lesers kan elkeen 'n R300-Graffiti-geskenk-bewys wen.

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het Die seun wat bly leef het geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou **naam** en **volledige** adres na **072 386 5997**.

Inskrywings sluit Maandag 09 November 2026.

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se *Nuusweek* aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

Wenners van 30 Okt 2026 se boekekompetisie is:
Suzie Combrinck
Hendrik van der Linden
Marina Marincowitz

Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by www.graffitiboeke.co.za teen 10% afslag.
Om te kwalifiseer vir ekstra 10% afslag, tik die kodewoord **PTAFM** *in wanneer jy jou bestelling plaas.*


Tugtiging lei tot vrede

7VOOR7

Ds. Adri van Staden
(emeritus leraar in die AP Kerk)

Dit is nie lekker om gedissiplineer te word nie. Tieners het (dikwels ten onregte) bekendheid verwerf vir hulle opstand teen dissipline en die tugtiging wat daarmee gepaard gaan. Ouers is dikwels onpopulêr wanneer hulle tugmaatreëls vir hulle kinders neerlê, want kinders verstaan nie altyd dat die ouers van beter weet en dit eintlik goed bedoel nie.

Ons Vader in die hemel moet ons ook dikwels tugtig. En baie meer as die geval met ons aardse ouers, moet en kan ons Hom vertrou dat Hy alweten is en ons volmaak liefhet. Jy kan sekerlik getuig daarvan dat dit al dikwels gebeur het dat jy later besef dat die tugtiging wat jy moes verduur en wat jou ongelukkig gemaak het, vir jou gevorm het en dat jy daarby gebaat het. As jy soms swaarkry in die lewe en nie kan verstaan waarom die Here jou lewe nie makliker maak nie, onthou dan hierdie waarheid: Sy tugtiging is daarop afgestem om jou te vorm sodat jy sy beeld vertoon. Dit is so wonderlik om midde-in die pyn van tugtiging, vrede te kan hê omdat jy weet die Here is alwetend en Hy het jou lief met 'n volmaakte, Goddelike liefde.**N**



#vrydagfeite

Die internet gons oor 'n pandabeer in China wat sonder swart oogklappies gebore is. Dié beer – wat lyk of hy vergeet het om sy oogomlyner aan te wend – ly aan 'n genetiese afwyking.

Die skoon-gesig-voorkoms word toegeskryf aan die onderproduksie van melanien tydens vroeë ontwikkeling.

Navorsers het tot dusver nog net 'n klein handjie vol pandabere in aanhouding met wit gesigte bespeur, maar hulle meen dat dit eenvoudig dui op die spesie se biologiese verskeidenheid.

Waarom maak die swart oogklappe saak? Wetenskaplikes is van mening dat daardie swart kolle uniek aan elke panda is en dat die pandas mekaar daaraan uitken.

Dis inderwaarheid 'n vriendelike herinnering van Moeder Natuur dat wanneer jy met 'n skoon gesig – sonder enige estetiese verbeterings rondloop – jy die bekoorlikste individu in die omtrek is. **N**



VANDAG IN DIE VERLEDE

Albe Grobbelaar

Diamante is op 6 November 1869 op die plaas Vooruitzig, daar waar Kimberley gestig sou word, ontdek. Die Groot Gat, blykbaar steeds die grootste uitgrawing deur mensehande ter wêreld, het hier ontstaan. Volgens 'n Wikipedia-artikel is ongeveer 23 miljoen ton materiaal oor die jare hier verwyder. Die opbrengs deur die jare was 'n allemintige **2,722 kilogram** diamante.

Vandag 126 jaar gelede, op 6 November 1900, is genl. De Wet se magte tydens die Anglo-Boereoorlog naby Bothaville verslaan. De Wet en president Steyn kon egter ontsnap, en die Britte se bevelvoerder, lt.kol. P.W.J. Gallais, het gesneuwel.


Die 44-jarige Mahatma Gandhi is vandag in 1913 in Suid-Afrika gearresteer as leier van 'n mynwerkersprotes. Gandhi sou later een van die mees invloedryke leiersfigure van die vroeë 20ste eeu word.

Die eerste elektriese skeermes is, by wyse van spreke, vandag in 1928 "gebore" toe ene Jacob Schick daarin geslaag het om 'n patent te verkry vir sy skeer-kontrepsie.


Drie bekende Hollywoodsterre se verjaarsdae word vandag herdenk: Die legendariese Sally Field is vandag 80 jaar gelede gebore. Sally het talle toekennings ontvang, wat twee Oscars insluit vir die rolprente *Norma Rae* en *Places in the Heart*. Ethan Hawke word vandag 56, en dan verjaar ook die heelwat jonger Emma Stone. Emma is vandag 38. **N**



Die Groot Gat




Mahatma Gandhi



Sally Field

Impala Platinum (JSE – IMP)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

Impala Platinum is een van die groot spelers in die wêreld van die PGM-groep van metale.

Kernbevinding

Die stogastiese indikator skep 'n positiewe tegniese afwyking. Dit kan dalk 'n voorloper wees van 'n moontlike herstellopie.

'n Dalendekanaalformasie (moontlik positief) hou beleggers sku.

Vensters na bo is oop tussen R179,58 en R180,31 en tussen R218,80 en R227,74. Terwyl die vensters oop is, is die momentum na onder in plek, maar as behoorlike positiewe sentiment jeens die aandeel verander, kan die eerste venster 'n goeie tegniese verwysingsvlak wees.

Die moontlike dalendekanaalformasie (moontlik positief) wys dalk dat die afwaartse momentum steeds gevestig is na onder.

Bo lyn A (R168,15) kan die marktoestand jeens die aandeel meer positief raak en as momentum na bo aan die gang kom, is 'n moontlike tegniese verwysingsvlak R191,50.

Die bul-oorheersende kers (positief) wys dat markdeelnemers se belangstelling op huidige vlakke teenwoordig mag wees.

Onder R160,64 kan die grafiek verdere swakheid toon en dalk die volgende steunvlakke toets: R158,45; R156,23; R154,56; R152,40; R151,88 en R151,00.

Ignoreer dus die aandeel onder R160,64.

Korttermyn- tegniese opinie – bo lyn A (R168,15) kan die grafiek tekens begin deurgee dat sentiment jeens die aandeel aan die verbeter is en dalk kan die bogenoemde tegniese scenario begin ontwikkel soos op die grafiek aangedui, maar onder R160,64 kan ons aanneem dat die grafiek weer verder kan teleurstel en bogenoemde beskrywing nietig maak.

Moontlike tegniese vlakke na bo is: R170,00; R172,40; R175,40; R178,78; R179,58; R180,31; R181,89; R183,30; R186,55; R189,34 en R191,50.

Medium- tot langtermyn- tegniese opinie – Die medium- tot langtermyn- tegniese prentjie behoort saam met die korttermyn-tegniese waarnemings geïnterpreteer te word. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R204,15) word dikwels as 'n maatstaf van sentiment vir die medium tot lang termyn gebruik. Prysbewegings onder die gemiddeld word soms met versigtigheid geassosieer, terwyl bewegings bo die gemiddeld dikwels as 'n teken van verbeterende sentiment beskou word.

Belangrike vlakke om dop te hou:

Indien die mark sentiment bo lyn A verbeter; kan die instrument dalk na: R170,00; R172,40; R175,40; R178,78; R179,58; R180,31; R181,89; R183,30; R186,55; R189,34 en R191,50.

Opsomming en Gevolgtrekking

Marksentiment kan bo lyn A verbeter, maar onder R160,64 kan die grafiek verder teleurstel, en bogenoemde tegniese scenario van die tafel laat verdwyn.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggings-adviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk
Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan
fransdeklerk.com
Tel: 082 900 9996



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op pos vir meer info

Administrasie

Junior client Liaison Administrator (Technical Support)- Finding Personnel | Pretoria | Sluitingsdatum: 12/11/2026

Receptonist for Law firm - Cora O Neil Recruitment Agency | Pretoria | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Sales Account Administrator *LYNNWOOD, PRETORIA- Staffworx | Lynnwood, Pretoria | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Ambag

Shift Millwright - Cerax Pty Ltd | Boksburg | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Loodgieter - Plumbtricity.co.za | Erasmuskloof, Pretoria | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Beveiliging & Sekuriteit

EXPERIENCED CONTROL ROOM OPERATOR - Falzad Protection Services | Springs | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Bestuursposte

Supply Chain & Logistics Manager (Motorcycles / Automotive Industry) - Finding Personnel | Pretoria | Sluitingsdatum: 12/11/2026

Drywer

Drywer - trok - Swift Move Holdings Pty Ltd | Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 10/11/2026

Bus bestuurder - LimeTime shuttle service | Mbombela | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Finansies

Certified Financial Planner and Advisor - BVSA Konsult (Pty) Ltd | Malmesbury | Sluitingsdatum: 09/11/2026

FINANCIAL ADMINISTRATOR (MOBILITY, MOTORCYCLE DISTRIBUTION, VEHICLE LEASING & FINANCIAL SERVICES INDUSTRY) - Finding Personnel | Pretoria | Sluitingsdatum: 12/11/2026

Senior Commercial Risk Analyst - Finding Personnel | Brooklyn, Pretoria | Sluitingsdatum: 12/11/2026

Finansiële Rekenmeester – Sakeomgewing-Greys Endoni | Polokwane | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Gesondheid

Sonograaf - Mirna Butler Recruitment | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Landbou

Kwaliteit Beheer *Sitrus Pakhuis LIMPOPO - Staffworx | Limpopo | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Litigasie Sekretaresse

Regsassistent – Skuldinvorderingsafdeling - robin twaddle | Johannesburg | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Litigasietikster - Mirna Butler Recruitment | Bloemfontein | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Logistiek

Logistieke Bestuurder - AfriForum | Centurion | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Onderwys

Onderwyser (Wiskunde Gr 4-7) - DOE | Steelpoort | Sluitingsdatum: 09/11/2026

Graad RR Onderwyseres - Kiri-Bienkies Kleuterskool | Waverley, Pretoria | Sluitingsdatum: 13/11/2026

Regslui

Arbeidsreg adviseer - Ronsen Labour & Hr Specialists | Pretoria | Sluitingsdatum: 08/11/2026

Verkope

Verkoopsverteenwoordiger (Junior Rep) - PV Industrial Supplies (Pty) Ltd | Kilner Park, Pretoria | Sluitingsdatum: 13/11/2026





Malcolm Marx sluit aan by Vodacom Bulls

Die Vodacom Bulls het 'n langtermyn-kontrak met die Springbok-haker en Wêreldrugby se Speler van die Jaar, Malcolm Marx, onderteken. Die 32-jarige Marx sal vanaf Julie 2027 by die Pretorianers aansluit.

Dié aankondiging oor Marx se toekoms is 'n verdere hupstoot vir die Bulls, wat onder hoofafrigter Johan Ackermann 'n sterk span bou wat om verskeie titels moet meeding. Die nuus oor Marx volg kort ná 'n aankondiging dat die Springbok-losvoorspeler Kwagga Smith ook by die span aansluit.

Marx is 'n tweemalige Wêreldbekerwenner (2019 en 2023) en het reeds 94 toetswedstryde vir die Springbokke gespeel waarin hy 29 drieë gedruk het, die meeste deur enige voorspeler in Springbokgeskiedenis.

Hy het sy rugbyloopbaan by die King Edward VII School (KES) in Johannesburg begin voordat hy by die Lions aangesluit het, waar hy 'n belangrike rol gespeel het in die span se drie agtereenvolgende Superrugby-eindstryde tussen 2016 en 2018. Hy het die afgelope ses jaar klubrugby in Japan gespeel.

Marx en Ackermann sal weer saamwerk nadat die afrigter hom destyds by die Lions afgerig het. Ackermann beskryf hom as een van die hardwerkendste spelers wat hy nog gebrei het, met uitstekende karakter en 'n sterk spanmentaliteit.

Marx sê hy is dankbaar vir die geleentheid om by 'n franchise met so 'n ryk geskiedenis



Malcolm Marx

aan te sluit en sien daarna uit om 'n bydrae tot die Bulls se sukses te maak.

Volgens die Blou Bulle Maatskappy se uitvoerende hoof, Edgar Rathbone, is Marx se aankoms 'n belangrike oomblik vir die franchise en sy ondersteuners. **S**

SA se Dowerugbyspan val vas in kwarteindrondte

Die Suid-Afrikaanse Dowe-sewesrugbyspan is tydens die kwarteindrondte van die 2026 Dowe-Rugbysewes-wêreldkampioenskap in Japan uitgeskakel.

Suid-Afrika het met 36-0 teen Engeland verloor. Engeland het sy wenvertoning voortgesit en Australië daarna met 45-5 in die eindstryd geklop om as die kampioen gekroon te word.

Hoewel die uitslag teleurstellend was, het die toernooi waardevolle internasionale ervaring aan die Suid-Afrikaanse spelers gebied. Die blootstelling aan kompetisie op dié vlak sal volgens die span 'n belangrike grondslag vorm vir die verdere ontwikkeling van rugby vir gehoorgestremdes in die land.

'n Verteenwoordiger van SA Dowe Rugby sê hul keer terug huis toe met waardevolle ervaring, onvergeetlike herinneringe en nuwe vriendskappe. Die span het ook die geleentheid gehad om Japan en sy mense te ervaar.



Die fokus sal nou wees op die lesse wat tydens die toernooi geleer is, terwyl daar gewerk word aan die ontwikkeling van die volgende geslag Dowe rugbytalent in Suid-Afrika.



Erasmus onderskat Italië nie

Die Springbokafrigter dr. Rassie Erasmus het 'n ervare groep van 23 spelers aangewys vir Suid-Afrika se eerste wedstryd van die tweede fase van die 2026 Nasieskampioenskap in Italië, wat môremiddag in Turyn beslis word.

Die slot Salmaan Moerat is die enigste speler in die wedstrydgroep wat nog nie vanjaar vir die Springbokke uitgedraf het nie. Hy keer terug na die rugbyveld nadat nek- en toonbeserings hom uit die eerste deel van die Kampioenskap en die Rugby's Greatest Rivalry-reeks gehou het. Hy sal saam met Ruan Nortjé in die tweede ry speel.

Die kaptein, Siya Kolisi, lei die voorspelersgroep, met Pieter-Steph du Toit en Jasper Wiese as flanke. Ox Nché, Thomas du Toit en Malcolm Marx vorm die voorry.

Die agterlyn bestaan uit Morné van den Berg en Sacha Feinberg-Mngomezulu as skakelpaar, Damian de Allende en Jesse Kriel as senterpaar, met Ethan Hooker, Kurt-Lee Arendse en Damian Willemse as die agterste drie.

Die plaasvervangersbank bestaan uit ses voorspelers en twee agterspelers – Grant Williams en Manie Libbok.

Die Springbokke is tans bo aan die Suidelike Halfrond se punteleer met 15 punte, gelyk met Nieu-Seeland, maar voor met die punteverskil.

Ná die kragmeting teen Italië wag Frankryk op 13 November in Parys op die Bokke, gevolg deur Ierland op 21 November in Dublin. Dié twee wedstryde is hul laaste groepwedstryde voordat die reeks se eindstryd op 29 November beslis word.

Erasmus het beklemtoon dat die volgende drie wedstryde deurslaggewend sal wees indien Suid-Afrika tot die eindstryd wil deurdring. Hy verwag ook 'n sterk vertoning van Italië, wat tans 11de op die wêreldranglys is en voor hul tuisskare sal wil beïndruk.

Die Springbokke het Italië 18 keer aangedurf en 17 van dié wedstryde gewen. Hul enigste nederlaag teen die Italianers was in 2016 in Florence, toe Italië met 20-18 geseëvier het.

Afskoptyd is môre om 13:40.

Met internasionale kragmetings wat vir die volgende paar weke plaasvind sal spelers wat aan die Verenigde Rugbykampioenskap deelneem nou 'n welkome blaaskans kan geniet. **S**



Springbokspan teen Italië:
1 Ox Nché,
2 Malcolm Marx,
3 Thomas du Toit,
4 Salmaan Moerat,
5 Ruan Nortjé,
6 Siya Kolisi (k),
7 Pieter-Steph du Toit,
8 Jasper Wiese,
9 Morné van den Berg,
10 Sacha Feinberg-Mngomezulu,
11 Ethan Hooker,
12 Damian de Allende,
13 Jesse Kriel,
14 Kurt-Lee Arendse,
15 Damian Willemse

Plaasvervangers:
16 Jan-Hendrik Wessels,
17 Gerhard Steenekamp,
18 Wilco Louw,
19 Lood de Jager,
20 Cameron Hanekom,
21 Paul de Villiers,
22 Grant Williams en
23 Manie Libbok

Ander Nasiebekerbepalings:

Vrydag 6 November
22:10 Ierland teen Argentinië

Saterdag 7 November
13:40 Italië teen Suid-Afrika
16:10 Skotland teen Nieu-Seeland
18:40 Wallis teen Japan
22:10 Frankryk teen Fidji

Sondag 8 November
17:10 Engeland teen Australië

Proteas beklink toetsreeks teen Aussies



Die Proteas het die toetsreeks van drie wedstryde teen Australië met 2-1 beklink nadat hulle verlede naweek op Nuweland in Kaapstad 'n indrukwekkende oorwinning van 176 lopies behaal het. Dié oorwinning het die Suid-Afrikaners met 124 punte weer tot bo aan die IKR se wêreldranglys vir toetskrieket geskuif met Australië wat na die tweede plek teruggesak het met 122 punte.

In die afgelope toets was Simon Harmer die ster met die bal, en hy het ses paaltjies vir net 16 lopies in Australië se tweede beurt platgetrek. Die besoekers is vir slegs 111 lopies uitgeboul terwyl hulle 'n teiken van 288 moes jaag.

Kagiso Rabada het vir die perfekte begin vir Suid-Afrika gesorg toe hy Matt Renshaw met sy eerste bal van die dag uitgeboul het. Hy het kort daarna ook Marnus Labuschagne en Travis Head laat terugstap kleedkamer toe. Head se paaltjie was boonop Rabada se 350ste in toetskrieket.

Harmer het voortgebou op dié goeie begin en Australië se kolflys verder ontwrig. Hy het altesaam 10 paaltjies in twee beurte geneem en is as speler van die wedstryd aangewys.

Die Proteas het vroeër in die wedstryd 329 in hul eerste beurt aangeteken, met Aiden Markram (78) en Marques Ackerman (95) wat 'n aanvangsvennootskap van 158 lopies opgebou het. Australië het hul beurt afgesluit met 429 lopies en 'n voorsprong van 100 lopies.

In Suid-Afrika se tweede beurt het Ryan Rickelton sy derde toets-honderdtal (102) aangeteken, terwyl Wiaan Mulder 115 bygedra het. Die Proteas is vir 387 uitgeboul om vir die Aussies 'n teiken van 288 te stel.

Australië se kaptein, Pat Cummins, het erken dat sy span nie hul sterk posisie vroeër in die wedstryd kon benut nie.

Intussen het Krieket Suid-Afrika (KSA) 'n groep van 15 spelers aangekondig vir die toetsreeks van twee wedstryde teen Bangladesj later vandeesmaand.

Die eerste toets vind van 15 tot 19 November by die DP World Wanderers-stadion in Johannesburg plaas, waarna die spanne van 23 tot 27 November by SuperSport Park in Centurion in die tweede toets kragte meet.

Tony de Zorzi keer terug nadat hy herstel het van 'n dyspierbesering wat hom uit die toetsreeks teen Australië gehou het, terwyl die kolwer Zubayr Hamza ook by die groep ingesluit is.

Die snelbalbouler Anrich Nortjé keer terug nadat hy vir twee weke weens 'n liesbesering buite aksie was.

Die snelbouler Lungi Ngidi is nie vir keuring oorweeg nie, aangesien hy steeds herstel, ook van 'n liesbesering. **S**

Andrews vir oulaas gegroet

Die begrafnisreëlings vir die Lions-slot Hyron Andrews is bekend gemaak.

Andrews, wat verlede maand op 31-jarige ouderdom oorlede is terwyl hy saam met die Lions in Frankryk getoer het, sal die naweek in sy tuisdorp, Paarl, te ruste gelê word. 'n Nadoodse ondersoek het bevestig dat hy aan 'n aortadisseksie gesterf het, wat waarskynlik met 'n aorta-aneurisme verband gehou het.

'n Gedenkdiens wat deur lede van die publiek bygewoon kan word, vind vanaand om 18:00 by die VGK Hugenote-kerk in die Paarl plaas, waarna 'n private begrafnisdiens môre gehou sal word.

'n Verdere viering van sy lewe word op Woensdag 11 November by die Hollywoodbets Kings Park-stadion in Durban gehou, waar Andrews vir bykans 'n dekade lank vir verskeie Durbanse spanne uitgedraf het.

Die Andrews-familie het die publiek bedank vir die boodskappe van medelye en ondersteuning gedurende dié moeilike tyd. **S**

